GEDAGTE VIR DIE DAG

"Moenie wens daarvoor nie, werk daarvoor!"

MIDSTREAM RIDGE LAERSKOOL / PRIMARY SCHOOL

NUUSBRIEF 12 **2 JUNIE 2022**

Geagte Ouers

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Graag wil ons almal bedank vir die onlangse suksesse op sport-, kultuur- en akademiese gebied. Ons is met reg trots op al die uitslae wat in hierdie nuusbrief aangekondig word. Dankie aan u as ouers vir u volgehoue ondersteuning. Daarsonder sou hierdie suksesse nie moontlik gewees het nie. Ons is dankbaar vir alle harde werk van die personeel, maar meeste van alles, die leerders – die fokuspunt van alles. Ons sien met groot opwinding uit na die revue wat eersdaags opgevoer word. Te oordeel aan die toewyding en harde werk wat daarin gaan, sal dit sonder twyfel goeie vrugte afwerp en beloof dit om iets te wees wat u nooit sal vergeet nie!

Baie geluk juffrou Tracy van Bylevelt met die vroeë geboorte van hul babaseuntjie, Cooper. Juffrou Natasha Hollander neem by haar die leisels oor vir die duur van haar kraamverlof.

INLIGTING

RED BALL TENNIS TOERNOOI – GRAAD 1 TOT GRAAD 3

Klik asseblief op die skakel vir verdere inligting rakende die toernooi wat op Saterdag, 4 Junie 2022, plaasvind. **GR 1-3 TENNIS TOERNOOI**

LANDLOOP

Baie geluk aan Emma Roets (2A3) en Adam Freeman (7A3) wat die *AGN Klubliga* land-loopspan behaal het. Ons wens hul alle sterkte toe met hul deelname aan die *Interprovinsiale Kampioenskappe* op Saterdag, 4 Junie 2022, by Zonderwater.

KRIEKET

Die krieketseisoen begin op Maandag, 6 Junie 2022.

- **Bev-Krieket**
  Oefeninge begin op Maandag, 06 Junie 2022. Mnr. Wessel van Rooyen is *Midstream Ridge Laerskool* se BevCric-organiseerder. Kontak hom asseblief vir enige navrae by wesselv@midstreamridgeprimary.co.za. Afrigters van *Coach Easy* sal in beheer van spanne, tydens oefeninge en wedstryde wees. Spelers sal in hul spesifieke spanne afgerig word, terwyl hulle aan individuele vaardighede soos veldwerk, kolfwerk en boulwerk aandag skenk.

- **Krieketoefening**

  Neem asseblief kennis dat Rugby hierdie kwartaal nog voorkeur ontvang, aangesien ons drie spanne het wat nog vir die uitspele oefen. Seuns mag na hul rugby-oefening by die krieket aansluit.

Ouderdom	Maandag	Woensdag	Donderdag
o/7 BevCric	13:10 – 14:10	13:10 – 14:10	**Geen oefening**
o/8 BevCric	13:10 – 14:10	13:10 – 14:10	**Geen oefening**
o/9	14:00 - 15:30	**Geen oefening**	14:00 - 15:30
o/10	14:00 - 15:30	14:00 - 15:30	**Geen oefening**
o/11	14:00 - 15:30	14:00 - 15:30	**Geen oefening**
o/12	15:20 - 16:50	15:20 - 16:50	**Geen oefening**
o/13	15:20 - 16:50	15:20 - 16:50	**Geen oefening**
Dogters	15:20 - 16:50	15:20 - 16:50	**Geen oefening**

- **MRP-Krieketweek**

  Teken asseblief die volgende datums aan:

  o/9 tot o/11 27 – 30 Junie

  o/12 en o/13 04 – 07 Julie

  Daar is reeds 'n inligtingstuk met die nodige inskrywingsvorm (**MRP-Krieketweek 2022**) aan u gestuur wat voor/op Vrydag, 10 Junie 2022, voltooi moet word.

MUURBAL

Ons is verheug om aan te kondig dat die volgende NJSA-spelers gekies is om Noord-Gauteng by die jaarlikse muurbal feeste van 25 tot 28 Junie te verteenwoordig:

***Sally White U/13 Festival*, Gqeberha (PE)**	***Angela Difford U/11 Festival*, George**
o/13 Seuns: Mangaliso Mbatha (6A2) Evan Janse van Rensburg (6A3) o/13 Dogters: Anushka Janse van Rensburg (7A2) Sarah de Villiers (7E3)	o/11 Seuns: Christiaan Rautenbach (4A2) Lodewyk de Clercq (4A2) James du Preez (5A2) Jonathan van Deventer (5E2) o/11 Dogters: Mia Bakkes (4A1)

ATKV-REDENAARS

Baie geluk aan die volgende leerders wat aan die *Noord-Gauteng ATKV-Redenaars* streeksuitdunne deelgeneem het:

Tristan Vos (6E3)	1ste algeheel
Amelia Oosthuizen (5E3)	3de algeheel
Megan Kilian (5E1)	4de algeheel
Meldt van der Spuy (5A3)	8ste algeheel
CG van Niekerk (4A1)	
Claire Freeman (4A1)	
Lisa Rautenbach (7A1)	

Baie geluk en sterkte aan Megan Kilian, Amelia Oosthuizen en Tristan Vos wat aan die landswye finale rondte op 16 Augustus 2022, gaan deelneem.

A+ MATHS

Baie geluk aan die volgende leerders met hul uitstekende prestasies tydens die *A+ Wiskunde Streek-kompetisie 2022*. Toekennings word volgens die volgende kategorieë en ouderdomsgroepe gemaak, soos gespesifiseer deur die Internasionale Standaarde van *PAMA* met wie *A+ Maths* geaffilieer is:

1. *Champion of Champions* – 1ste plek in elke groep
2. *Champion Trophy* – 2de plek in elke groep
3. Goue Medalje – volgende 20% van deelnemers
4. Silwer Medalje – volgende 30% van deelnemers
5. Brons Medalje – volgende 30% van deelnemers

NAAM	KLAS	TOEKENNING
Clara Rozendaal	1A2	Silwer
Oreneile Mphake	1E1	Brons
Matthew Basson	2A2	Goud
Emma Roets	2A3	*Champion of Champions*
Michelle Rudolph	2A3	*Champion of Champions*
Arhaan Mohabir	2E1	*Champion of Champions*
Kian Rozendaal	3A1	Silwer
Li-Ané Starke	3A1	*Champion Trophy*
Petri van der Walt	3A1	Goud
Wihanro van Wyk	3A1	Brons
Xander Coetzee	3A1	*Champion of Champions*
Uthmaan Sahib	3E1	*Champion of Champions*
Mia Bakkes	4A1	Goud
Simoné Clark	4A1	Goud
Hanlu Wessels	4A3	*Champion Trophy*
Christo van der Merwe	4E1	Goud
Dominique du Plessis	4E2	Silwer
Luhan van Wyk	5A2	*Champion Trophy*
Omolemo Mphake	5E3	Brons
Wihan Starke	6A1	*Champion of Champions*
Nicolaas Visser	6A3	Goud
Genevieve du Plessis	7E3	Silwer
MH Sahib	7E3	Goud

HORIZON WISKUNDE KOMPETISIE

Baie geluk aan die volgende leerders wat uit 75,000 landswye deelnemers, onder die TOP-150 presteerders is! Hul het die prestige prysuitdelingsgala op Donderdag, 26 Mei 2022, bygewoon.

Henry du Preez (7A3)	4de	Luke Reyneke (7E2)	8ste
MH Sahib (7E3)	27ste	Wiehan Visser (7A1)	42ste
Nickezel Grobler (7A3)	48ste	Darius Swanepoel (7A3)	66ste
Arman Bhudai (7E1)	73ste	Stefan Steyn (7A1)	90ste
Lyla van der Spuy (7A2)	129ste		

MRP MUSIEKSENTRUM – HALFJAAR KONSERTE

- Musiekfees: Saterdag, 4 Junie 2022. Leerders sal in tydgleuwe optree. Almal wat die Orkes & Ensemble Skouspel bywoon sal 'n ekstra merietepunt verdien. Klik asseblief op die skakel vir meer inligting. **MRP MUSIEKFEES**
- Onderwysers-konsert: Sondag, 12 Junie 2022 **ONDERWYSERS-KONSERT**

TRUTH UITREIK – DBV

Die *TRUTH*-span reik op Saterdag, 4 Junie 2022, na die *Dierebeskermingsvereniging* in Centurion uit. Klik asseblief op die skakel vir meer inligting rakende hoe u betrokke kan raak. ***TRUTH* DBV**. Indien u kind die uitreik wil meemaak, voltooi asseblief die **VRYWILLIGERSVORM** en stuur dit asseblief per e-pos aan juffrou Minette Bornman by minetteb@midstreamridgeprimary.co.za. U volgehoue ondersteuning word opreg waardeer.

KIBOOKS

Kibooks gee leerders die geleentheid om oral en op enige toestel te lees. Neem asseblief kennis van die opwindende aanlynbiblioteek – *Kibooks*, deur op die volgende skakel te klik. **KIBOOKS**

SPRINGFEST 10 SEPTEMBER 2022

Merk nou al die datum op u kalender en nooi almal uit om dieselfde te doen! *Spring Fest 2022* is 'n heerlike dag vol pret en vermaak! Volg die skakel vir meer inligting rakende die gaskunstenaars wat op dié pretdag gaan optree: **SPRING FEST 2022**. Klik asseblief op die volgende skakel vir kaartjieverkope: https://www.howler.co.za/events/midstream-springfest-bf37

Midstream Ridge-groete

VERNON HARMSE
SKOOLHOOF